Hoe om kwakkies in Voortrekkerwerk te gebruik

Graad 1 tot 4

Leer Voortrekkerwerk speel-speel met kwakkies.

Onderwerp: Voortrekkerwerk

Stappe

1. Maak ’n kleurfotostaat vir elke spanlid (**Kwakkie**).
2. Sny die kwakkie uit.
3. Vou die kwakkie soos aangedui.
4. **Die speletjies werk so:**
   - Daar is twee spelers. Die een wat die kwakkie werk en die ander persoon wat ’n nommer en dan ’n kleur kies en die vraag moet beantwoord.
   - Kies ’n nommer tussen 1 en 8. Werk met die kwakkie vir die aantal kere wat die nommer is.
   - Vra vir die persoon om dan ’n kleur te kies – wit, oranje, groen, rooi, blou, silwer, goud of dagbreek (boompie), afhangend van wat wys.
   - Vra dan die vraag wat by die kleur wat gekies is, pas. Die persoon moet die korrekte antwoord gee.
   - Ruil dan spelers om.



Wenke

1. Elke spanlid kan self ook ’n kwakkie maak. Jy benodig ’n vierkantige stuk papier. Vou soos die stappe in nr. 3. Maak self nommers en kleure. Jy hoef nie noodwendig vrae te vra nie. Jy kan ook net kommentaar lewer, bv. "Jy hou van mopaniewurms!"
2. Verander die vrae en antwoorde dat elk spanlid se kwakkie anders is.

Waarskuwings

1. Maak seker dat daar genoeg skêre is.
2. Die kwakkie is so bietjie klein, maar werk maklik. Die patroon kan vergroot word.